

# **MY HERINNERINGE**

deur

**Helena Catharina Grobler**



**[Skryfster as sewejarige dogtertjie in  
die Potchefstroom-konsentrasiekamp]**

## VOORWOORD

Wat ek hier kortliks in eenvoudige taal vertel, het ek as kind beleef, gehoor en gesien. Ek sal dit alles nooit vergeet nie.

Dit is 'n terugblik na die verlede wat bedoel is om aan my nageslag te toon dat ons voorouers se krag in hulle Geloof, die Bybel en gebede gelê het.

Mag dit hulle aanspoor om met dieselfde wapenrusting hulle eie toekoms tegemoet te gaan.

*H. C. Grobler.*

(geb. Du Plessis  
11 April 1894)

Pretoria  
1969

---

## INHOUDSOPGAWE

Steenbokfontein

Gevang

Kamp toe

Oorgawe

Huis toe

Stryd

Oorwinning

## Steenbokfontein

Ek het daardie môre vroeg opgestaan. Dit was besonder stil in die huis, baie stiller as gewoonlik daardie tyd van die oggend. Met 'n vreemde haastigheid het ek gewas, aangetrek en my hare gekam.

In die eetkamer het ek my Moeder en suster Sophie aangetref. Hulle het net daar gestaan en ek kon sien dat hulle baie hartseer is. Toe ek Moeder 'n môresoen gee, kon ek haar warm trane teen my wang voel. Ek het 'n knop in my keel gevoel toe ek vinnig by die agterdeur uitloop, en langs die huis teen die muur gaan staan.

Ek kon die gebulk van die beeste hoor; skape wat blêr; hoenders wat kraai en kekkel; die mak tarentale in die groot ou bloekomboom langs Oupa se huis het luidrugtig tekere gegaan. Maar daar was iets wat ontbreek het, iets wat ook in ons harte 'n groot leemte gebring het. Daar was vanmôre nie die bekende mansstemme nie; nie dié van my Vader, broers of ooms en neefs wat in die môre vroeg welluidend die een na die ander geroep het as hulle gaan melk of osse inspan om te gaan ploeg. Of die sweep sou skerp klap as Kleinbooi of outa Kerneels die osse moes nader bring.

Ja, dit het gelyk en gevoel of die plaas treur – net soos dié wat agtergebly het.

En in my kindergemoed (8 jr. oud) was daar verwarrende gedagtes oor die dinge wat my begrip nog nie kon raakvat nie; daar was my eie hartseer en ook nog die trane van my Moeder.

+

Die vorige aand het dit laat geword voordat daar boeke gevat is. Pa het uit die Bybel geles en ons het almal saam Ps. 25 vs. 2 gesing: “Heer, ach maak mij uwe wegen, Door uw woord en Geest, bekend; Leer mij, hoe die zijn gelegen, En waar heen G’uw treden wendt. Leid mij in uw waarheid; leer Yvrig mij uw wet betrachten; Want Gij zijt mijn heil, o Heer! ’k Blijf U al den dag verwachten.” Ouboet se pragtige stem het die klanke ver na buite oor die stil werf gedra.

Pa het ten slotte die Onse Vader gebid. Met beklemde gemoed het ons almal besef dat dit die afskeidsdiens was.

Die volgende môre, voor die rooidag breek, is die mans weg om by die kommando aan te sluit. Ons was toe reeds almal wakker en het in die donkerte om ons en in ons na die geklap van die perdepote geluister totdat dit stil geword het.

Ek dink aan passeerde week toe Ma so hard gewerk net om die kosvoorrade vir Pa en die vier seuns in gereedheid te bring. Daar is baie beskuit gebak en uitgedroog en ook koffie gebrand. Ek en my broer Kotie, wat net ouer as ek was, het om die beurt koffie met die ou koffiemeule gemaal totdat ons arms lam en moeg was.

Daarom lyk Ma ook so moeg en daarby nog hartseer want om afskeid te moet neem was vir haar 'n moeilike saak. Kort-kort het sy die trane afgevee met die vraag in haar binneste of sy hulle ooit weer sou sien. Sy het diep uit haar hart gesug en in stilte gebid. Ek het haar die vertroostende woorde hoor prewel: “Moenie vrees nie, want Ek is met julle.”

+

Van daardie môre af was alles so anders.

Ons was bang ... almal was bang! 'n Vreemde geluid het almal laat luister. Ons was nou alleen – net die vrouens, kinders en Oupa wat al 84 jaar oud was. Die uitbreek van die oorlog het so op Oupa se senuwees gewerk dat hy later net soos 'n kind geword het, en veral toe sy seuns en skoonseuns almal van die plaas af

weg is.

Dan was oom Pretorius ook nog daar. Ek wou weet waarom die ou oom dan nie ook gaan veg het nie. Ma het geantwoord: “My kind, wat sal hulle tog nou met hom kan uitrig – sy maag is so groot as hy afkyk kan hy nie sy eie voete sien nie!

Ons het nou elke nag by tant Alie, Pa se suster, gaan slaap.

Onrustige dae het die een na die ander verbygegaan.

Een môre het ons perdepote hoor klap en sien hoe twee mans aangejaag kom. Toe hulle nader kom sien ons dat dit twee boererapportryers is. Hulle het die Kakies gewaar, sê hulle, en toe weggejaag, oor ons werf. Ons het nog verskrik gestaan en kyk toe die een vir Ma skree: “Ag, het tante nievir my ’n hoed nie. My hoed het met die gejaag afgeval!”

Ma gryp sommer my broertjie, Kassie, se ou hoedjie van sy kop af en terwyl sy dit haastig aangee sê sy: “Dis al wat ek het neef!” Hy was bly oor die hoed wat te klein was – maar dit was beter as niks.

Ons moes toe al die spore van die perde gelyk maak uit vrees dat die Kakies sal dink ons het die twee mans toegelaat om daar skuil te hou. Maar die res van die dag was dit stil.

Twee dae daarna het ons die vaal gedoentes sien aankom. Dit was iets om te aanskou. Almal eenders aangetrek, met die snaakse hoede en elkeen op die rug van ’n stompsterperd. Dit het soos honderde gelyk.

“Goeiste, Ma, hulle is ook witmense – net soos ons!” het ek verbaas uitgeroep.

Jy het net deure hoor toeklap, sleutels wat haastig die slotte toesluit en weg is al wat vrou en kind is na Oupa se huis. Oupa se ou groot huis het ’n grasdak gehad en ons het gevrees dat hulle dalk die dak aan die brand sou steek terwyl ons binne is, want ons het gehoor dat hulle wel huise aan die brand steek.

Gespanne het ons toegekyk hoe hulle na die huis toe aangestap kom om maar net weer, tot ons groot verligting, geselsend weg te stap. Nie een van ons was egter in staat om te weet wat hulle sê nie.

Oom Petoors was toe onder die komberse – die ene kouekoors. Ma-hulle het almal met eerbiedig saamgevoede hande gesit en ek het gedink dat hulle innerlik bid.

Dit was die eerste keer dat hulle die plaas besoek het en van daardie oomblik af het ons gedurig in vrees en spanning geleef en elke aand het ons almal in Oupa se huis gaan slaap. Daar het ons komberse voor al die vensters gehang. Daarna het ons uit die Bybel gelees, gebed en onrustig en min geslaap.

Mettertyd het die getal vrouens op die plaas so aangegroei dat die huise naderhand almal vol was. Hulle het na mekaar toe gevlug vir die gevoel van veiligheid, want nie net die Kakies nie maar ook aggressiewe kaffers het ’n bedreiging geword.

Dit het gelyk of almal Oupa se plaas uitgekies het, hoewel dit daar maar tog 'net so onveilig as elders was. Ons het toe nie meer almal by Oupa se huis geslaap, nie, maar ook by my tante s'n en by ons eie huis. Maar as ons die geringste nuus van die vyand verneem het, was ons weer almal bymekaar en was die huis se hele vloer die ene kooi!

+

Dit gebeur toe dat my jongste broertjie, Kassie – toe maar 2 ½ jaar oud – baie ernstig siek word. Die vrouens het gedokter en vir hom alles in hulle vermoë gedoen, maar daar was geen beterskap nie. Inteendeel, sy

toestand het al erger geword. Ma was naderhand buite raad en ek kon haar gedurig sien bid en trane afvee.

Tot ons grootste verrassing kom my oudste broer, Gert, in daardie tyd op 'n dag oor die werf aangery. My Moeder was oorstelp van vreugde, maar toe sy hoor dat hy op 'n geheime sending is, was sy doodbang dat die vyand op hom sou toesak. Hy het 'n rapport by hom gedra wat hy aan een van die generaals (van wie hy nie die naam wou noem nie) moes gaan aflewer.

Hy het aangebied om eers gou vir ons siek broertjie medisyne te gaan haal by die ou sendeling, mnr. Fülsh, wat naby die kafferstat gewoon het.

“Ag, my dierbare kind, as die Kakies jou vang en nog boonop die rapport by jou kry, is jy 'n kind des doods”, het my Moeder bekommerd gesê toe sy hom groet.

Maar my broer is haastig weg en het gou en veilig teruggekeer met die medisyne van die ou Duitse sendeling.

Hy het gegroet en dadelik weer vertrek om Moeder met angstige hart agter te laat. Sy het haar dapper seun agterna gestaar en gewonder of en wanneer sy hom weer sou sien.

Die medisyne ten spyt was daar twee dae later die bittere beproewing vir ons en my Moeder toe ons klein Kassie aan die dood moes afgee.

Die arme vrouens moes met die hulp van oom Dik Lou Petoors 'n kisse maak. Uit vrees dat die Kakies, wat miskien in die omgewing kon wees op die groepie mense sou skiet, het ons gewag tot skemer om my broertjie te begrawe.

+

Kort daarna het Ma-hulle verneem dat 'n klompie vrouens, wie se mans op kommando was, deur die Kakies gevange geneem en duskant Rustenburg op 'n bult onder die blote hemel afgelaai is. Dit was ontstellende nuus en dadelik is 'n ossewa so onopsigtelik moontlik gestuur om hulle te gaan haal.

So het dit gebeur dat ons plaas se huise ook aan hulle herberg moes bied.

Onder die nuweling was daar 'n sekere mev. Goosje Lampen wie se man 'n onderwyser was. Hulle het net een seuntjie gehad met die naam van Geert. Aangesien hulle egte Hollanders was, het sy verkies om by my Moeder in te woon. Dit het aanvanklik maar moeilik gegaan om die Hooghollandse taal te verstaan.

Sy het so lief vir Ma en haar kinders geword dat sy Ma ook as haar eie ma beskou het. Vir ons was sy “tante Koos” en haar man “Meester”.

+

Een Sondagmôre was ons weer almal saam by Oupa se huis waar ons Boeke gevat het. Nadat die plegtigheid verby is en ons by die voordeur uitgestap kom, bly ons ewe verskrik en verbaas staan, want daar kom twee ou Tommies te voet aan.

Hulle gaan doodluiters op die gras sit en beduie dat hulle honger en dors is. Ewe verbouereerd skep Ma en tant Fya van die heerlike kos wat toe net gaar was, twee borde vol in. Dit word aan die twee derduiwels gegee wat smaaklik sit en eet en van die benoudheid wat hulle veroorsaak blykbaar totaal onbewus is.

Ma-hulle het geweet van mans wat vir die Sondag op ons buurplaas, Groenfontein, sou tuis wees, en terwyl die twee Kakies hulle honger stil, word 'n boodskapper inderhaas daarheen gestuur. Net toe hulle na die maaltyd uitrek en gemaklik agteroor op die gras gaan lê, spring ses boere by hulle van die perde af.

'n Gebiedende “hensop” laat hulle instinkmatig en ewe verskrik hande in die lug insteek. Nadat hulle deursoek is, het die boere hulle voor die perde laat aanstap tot wie weet waar.

Na die gebeure was ons onrustig en bang dat hulle daardie nag sou terugkom om die arme vrouens te molesteer.

Maar die boere het hulle na 'n Kakiekamp toe teruggejaag en gelukkig was daar daarna nie weer 'n spoor van hulle nie.

Toe het daar weer 'n tyd van stilte op die plaas verloop.

Gerugte oor die geveg tussen Boer en Brit wat maar voortgeduur en skermutselinge wat oral kop uitgesteek het, het ons gereeld bereik. Toestande het geleidelik vererger en Ma-hulle hoor dat die Engelse die mense se huise aan die brand steek; al hulle vee en kos saamneem; hoenders vang en varke doodsteek.

As voorsorgmaatreël het Ma-hulle ons ongemaalde koring in 'n groot leë watertenk verseël en in 'n ou murasie daar naby begrawe. Die grond is netjies gelykgemaak en ou stene daar bo-oor laat rondlê sodat dit nie die aandag sou trek nie. Ook in die skaapkraal is groot gate gemaak en nadat waardevolle artikels daar weggebêre is, is die skaapmis weer gelyk gekrap. Maar wie kan nou miskien vir 'n gedugte vyand iets goed genoeg versteek, het Ma en my tante moedeloos gewonder. Hulle het gesidder by die gedagte dat die gevaar ook vir ons stadig maar onverbiddelek nader kom.

Dit was net 'n dag of twee daarna dat 'n krullende rookwolk op ons buurplaas ook ons toekomstige lot aangekondig het.

Dit was die huis van tant Emmie Eloff, Ma se jongste suster, het my Moeder met kommer en trane in haar oë besef. “My arme Sus. Help haar tog, O Heer”, het sy gefluister.

Die Engelse wou van tant Emmie weet waar die mans dan is. Sy het beduie dat sy nie weet nie. Liggelowig het hulle met die vinger na 'n klompie voer gewys wat sy die vorige aand vir haar melkkoei gegooi en waar daar nog van die hawer bly lê het. Hulle het aanhoudend gepraat en sy kon aflei dat hulle van mening was dat daar wel boere op die plaas skuilhou – dat dit bepaald voer is wat hulle vir hulle perde gegee het. Sy kon egter nie 'n woord van die gesprek verstaan nie, en het verskrik gereageer toe die Engelse beveel dat sy en haar niggie Lena Roets (wat by haar ingewoon het) met hulle kinders uit die huis moes padgee.

Hulle het haastig uit die huis gevlug na die perdestal waar hulle onder die groot koelbome teen die hitte van die son skuiling gesoek het. Dieselfde oggend het hulle, weinig wetende van wat op hulle wag, 'n groot kas vol meel en biltong gepak en dit voorlopig tot langs die stal gedra met die doel om dit later beter te versteek. Die kinders het nou op dié kas gesit en angstig toegekyk hoe die Engelse die huis aan die brand begin steek.

Weldra het die vlamme lustig hulle vernietigende werk verrig terwyl donker rookwolke bo die dak begin saamkrul het. Van vrees en skrik het die kinders gehuil en mekaar krampagtig vasgeklou. Een ou Engelsman het die bejammerenswaardige groepie stil gade geslaan en vinnig en ongemerk by die huis ingesluip. Hy, het my Tante se verebed (bulsak) en een kombes gegryp en gou deur haar slaapkamervenster, vër tussen die bome langs die watervoor ingegooi, terwyl hy vir haar met die hand beduie. Met 'n bewende hand vee sy haar vloeiende trane af. Hy weet dat sy dankbaar is en knik met sy kop. Ongemerkt bereik die weldoener weer die groep Engelse wat staan en toekyk hoe die vuurvlamme alles wat vir die eienaars dierbaar was, in wilde woede verteer.

Hulle verwoestingswerk afgehandel, klim die Kakies doodluiters op die perde en keer die rug op die donker toneel.

Die arme vrouens het hulle hande vol met die huilende kinders en met hulle eie gemoed wat oorloop kan

hulle nie help om in hulle magteloosheid agter die stofwolk aan te skree nie: “Julle terjoliëse klomp papbroeke – julle vlug nou omdat julle bang is die boere kom hier op julle af. Julle klomp slegte ou lafaards ... te vrot om te veg – nou sal julle ons huis en kos verbrand!”

Daardie aand het tant Emmie-hulle die stal skoongemaak om daar te slaap. Die beddegoed wat die Engelsman hulle gegun het, en die kas biltong en meel was al wat hulle nou besit het.

+

Toe Ma-hulle van die gebeure verneem, het ons meer dikwels by tant Alie en Oupa se huise gebly. Bedags het ons gesamentlik kos gekook en saam geëet – gedurig bewus van die bedreiging dat die Engelse enige oomblik oor ons werf aangery kan kom.

Een oggend het hulle ’n heerlike hoender gekook en langs tant Alie se huis onder die nartjieboom vir ons tafel gedek. Ons wou net begin eet toe ons geweerskote hoor. Verskrik het ons rondgekyk maar kon geen tekens van ’n geveg sien nie.

“Ag, Vader, help ons! Vandag is seker ons laaste”, het iemand gesê.

Elkeen het haastig net ’n stukkie hoendervleis in die hand geneem en met min smaak daaraan geëet, want die geknal van skote het al hoe harder geword.

“Sus Alie”, het Ma vir my tante geskree, “sal ons die veld in vlug?”

“Nee”, het sy gesê, “ons bly in die huis en maak die deure en vensters toe!”

Ons het toe so gemaak en in spanning gesit en wag op wat moes volg. Maar die skote het meteens opgehou en verder het daar, tot ons verbasing en verligting, niks gebeur nie.

Kort daarna het ons egter die droewige tyding verneem dat die Engelse vir tant Maria van der Merwe op ons buurplaas – waarheen ’n mens te voet kon stap – doodgeskiet en haar man gevange geneem het.

Dit het só gebeur: Oom Lucas was net vir ’n dag by die huis en terwyl hy en tant Maria gesels, gewaar hy die Engelse wat aangery kom. In plaas van om te vlug, neem hy sy geweer en gaan skuil agter die klipkraalmuur. Toe die Engelse naby genoeg is, begin hy op hulle skiet en hulle reaksie was om dadelik terug te skiet. Gou slaan hulle egter op die vlug onder die indruk dat daar miskien heelparty boere agter die kraalmuur is.

Voordat oom Lucas dit gerade ag om sy skuilplek te verlaat, keer hulle terug met versterking. Tant Maria gewaar dit en hardloop op die stoep uit, swaai met haar arm en skree vir oom Lucas hy moet vlug ... hulle is nou te veel teen hom! Maar voordat hy nog kan begryp wat sy sê, skiet hulle haar onverhoeds raak en toe sy val, hardloop oom Lucas na haar toe. Stom van ontsteltenis en verdriet neem hy haar in sy arms terwyl sy sterf. Met sy hande nog vol bloed wat uit die wond gevloei het, neem die Engelse hom gevange en ry met hom weg. Hy is totaal verbysterd en dit is vir hom hartverskeurend dat tant Maria net so op die stoep bly lê het.

Daardie aand het ’n groepie vrouens haar gaan begrawe: hulle harte – bang en seer.

+

Vir ’n paar weke was alles weer stil. Toe kom die Engelse weer een oggend op ons plaas. Dit was of die duiwel in hulle gevaar het. Hulle het ons hoenders gevange, die varke doodgesteek en die tarentale wat altyd so hoog in die ou bloekomboom geslaap het, geskiet. Hulle het die werf deursnuffel en ons koring wat in die tenk was uitgegrawe, alles uitgesmyt en aan die brand gesteek; dit het vir dae aaneen gelê en rook.

Ma het vir tant Alie gesê: “Ek het vir jou gesê die duiwel is by hulle, daarom kan ons vir hulle niks wegsteek nie!”

Ook in die kraal het hulle met ’n stok gestamp en waar die grond verdag voorgekom of ’n hol klank gehad het; het hulle dit oopgegrawe en alle kosvoorrade vernietig. Ja, Engelsman se kind was erger as ’n erdvark wat ’n gat grawe.

Aan die oorkant van die rivier het hulle ou Schultz se winkel, waar ons altyd voorrade kon koop, ook aan die brand gestee. Daarvoor was die vrouens byna in trane want sonder sekere artikels soos koffie, suiker, vuurhoutjies, ensovoorts, kon ons net nie klaarkom nie. Van die winkel het daar net ’n paar swart mure bly staan en Ma-hulle moes van die betroubaarste swart volk na Saulspoort toe stuur om ’n skaars artikel by die ou Jood se winkeltjie te kry.

+

Die Boerevolk se hart was rou en seer en dit was ’n groot skok om te verneem dat party van ons eie mense tussen die Engelse beweeg en hulle van belangrike inligting voorsien het.

Ma-hulle het hulle oë hemelwaarts gerig en gebid vir hulle mans en seuns dat die Here hulle met geloof en krag moet versterk en hulle bystaan om nie kleingelowig te word nie.

“Ons sal bid en aanhou bid tot op die einde. Die Here sal ons nie verlaat of verstoot as ons Hom in ons nood aanroep en Sy genade afsmeek nie.” In hierdie wete het krag gelê.

+

Een môre kom my nefie, Douw, by my en sê: “Maar wat gaan nou tog weer aan met my ma en jou ma en tant Hannie en tant Fya? Hulle loop altyd en suutjies praat. Al van vanmôre af met hulle koppe teen mekaar net soos ou tant Koba van Dyk se twee makoue. Jy hoor net ‘my sussie’ en dan weer ‘my sussie’ en ’n mens kan nooit hoor wat hulle sê nie!”

Dis reg, ons kon nie hoor nie, want hulle het nie alles in die teenwoordigheid van kinders bespreek nie, en veel later het ons eers verneem wat die onderwerp van bespreking was. Dit was weer ’n skokkende voorval: Op ons buurplaas het ’n sekere ou oom Frans gewoon. Hy het ook net by die huis gekom toe daar ’n klompie Engelse opdaag. Hy het haastig gevlug, maar hulle het hom agtervolg tot waar hy by ’n krans weggekrui het. Hy het die vyand vanuit sy skuilplek gade geslaan en (seker tot sy ontsteltenis) gemerk dat sy skoonseun saam met hulle was. Hy het besef dat hy vasgekeer is, maar het vasberade geskree: “Ek sal nooit, nooit oorgee nie!” Uiteindelik het hulle hom daar doodgeskiet maar die vraag oor wie die Engelse op sy spoor gebring het, het lank onbeantwoord gebly.

My Moeder-hulle was hewig ontsteld en ook hartseer maar te bang om iets te sê want dit was vir hulle te gevaarlik.

Dan was daar ook nog hulle bekommerde gedagtes oor hulle eie mans en seuns. Tant Alie het baie aan haar seun, Pieter, gedink wat in dié gevaarlike tyd reeds op pad saam met die President was. Hulle sou in Lourenço Marques wag vir ’n skip om hulle na die vreemde te neem.

Alleen hulle sterk vertrou en geloof in God het hulle staande gehou.



## Gevang

My moeder-hulle was op 'n dag weer baie bedrywig om beskuit te bak. Hulle het sommer van koring koffie gebrand want ons kon nou nie meer regte koffie in die hande kry nie.

Hulle het vermoed dat die boerekommando naby ons sal verbytrek en het, nie sonder huiwering vir die groot gevaar nie, nogtans gehoop dat daar tog van hulle mans of seuns sou aankom.

Die vrouens was onrustig. Kort-kort het hulle vreemde swartvolk gewaar wat dan weer vinnig verdwyn het. Hulle het gevrees dat die swartes dalk vir die Engelse spioeneer.

Die ure het traag verby gesleep maar saam met die skemer-donker het die vreugde van blye weersiens gekóm. Pa en meester Lampen het by ons huis aangekom. Terselfdertyd het Gert Kruger by oom Fanie, Pa se jonger broer\*, se huis opgedaag om vir sy nooientjie, Ellie ('n kleindogter van President Kruger en dogter van oom Casper Kruger) te kom groet. Hulle het ook tydelik by oom Fanie se vrou, tant Hannie, gewoon omdat hulle te alleen op Waterkloof was. By Oupa se huis het sy kleindogter, Klein Fya (het ons haar genoem), se man Sarel Pelsers sy opwagting gemaak.

[\* Sy naam was ook Stephanus Johannes Paulus, maar in plaas van Paul het oorlede Ouma hom Fanie genoem.]

Op 'n naburige plaas het ook 'n paar mans aangekom.

Hoewel daar blydschap was, was daar ook vrees en kommer in die vrouens se harte, maar die mans het hulle verseker dat alles veilig is en dat daar Boerespioene in die omgewing was. Hulle sou weer voor dagbreek vertrek om by die kommando aan te sluit.

Nadat Pa-hulle eers lekker gesels en al die jongste nuus meegedeel het, is hulle bed toe. Hulle was moeg en het dadelik op die heerlike ou sagte verebed aan die slaap geraak. Gou was die huis stil.

Terwyl almal slaap het my Moeder wakker gelê en in spanning geluister of sy nie dalk 'n vreemde, verdagte geluid hoor nie. Na middernag wou sy, vermoed na al die opwindings, net insluimer toe sy die honde hoor grom en blaf. Die tarentale het wild geskree en dit was 'n onrusbarende teken want net die Engelse wat in die laaste tyd so op hulle geskiet en hulle verjaag het, kon hulle so laat lawaai.

Ma lê nog versteen met kloppende hart en luister toe sy die dreuning van naderende perdepote hoor. Onstuitbaar en vinnig kom dit nader en toe is dit oorverdowend om die huis. Ma spring verskrik op en loer deur die kantgordyntjie. Voor haar sien sy in die maanlig gewere en spiese met die punte na bo blink in die hande van 'n menigte Engelse. Sy is lam van skrik en haar keel is droog toe sy saggies na Pa roep:

“My hartjie, die vyand is, hier!”

Pa spring verward orent en druk Meester aan die skouer. Hulle sit haastig patroonbande aan en staan met die geweer in die hand toe die Kakies teen die deur begin stamp en skop.

“Open the door!” bulder 'n stem. “Hands up!” skree 'n ander.

“My vrou, ek skiet hulle almal flenters”, sê Pa vasberade.

“Asseblief, my dierbare man”, pleit Ma, “gee oor – gee tog liever oor, anders skiet hulle ons gewis almal dood.”

Agter Pa staan Meester, bleek van spanning en doodbenoud.

Ma en tante Koos bid hardop terwyl die trane oor hulle wange loop.

“Gee liewer oor – daar is te veel van hulle”, soebat die vrouens weer. “Hulle sal ons skiet.”

Pa besef dat dit die waarheid is. Die Engelse hamer nog onophoudelik aan die voordeur en Pa stap stadig, met geboë skouers nader en maak die deur oop.

Die Engelse voor hom staan stil voor sy veragterende blik. Hy kyk om na Meester: “Wat moet ons doen Meester?”

“Och toch, net wat u doe sal ik ook doe – dat ons maar overgeven.”

Pa gryp sy geweer reg en haal die patrone uit. Toe, met een hou, slaan hy die geweer slot flenters teen die sterk boekenhoutkosyn en smyt die geweer voor hom op die grond neer.

“Met hom sal julle my eie mense nooit kan skiet nie”, sê hy bewend terwyl hy sy hande in die lug opsteek. Met geweld gryp hulle hom aan sy arm.

“Ek wil my vrou groet!” skree Pa protesterend en ruk sy arm los om van Ma afskeid te neem.

“Let her kiss her husband”, sê ’n Engelsman toegewend, alhoewel Ma-hulle nie die woorde verstaan nie.

Pa en Meester groet in stilte en daar is ’n atmosfeer van magteloosheid en hartseer. Haastig draai hulle om en stap die trappies af na die perde toe – die onvermydelike tegemoet!

“Kan u sien dat zij ons mans voor de paarden laat lopen?” vra tante Koos verslae.

Lank nadat die wegsterwende geklap van perdepote stil geword het, staan Ma-hulle nog huilend en kyk. Hulle oë stip op die plek waar hulle dierbares saam met die kakiemassa verdwyn het.

Verslae staar tante Koos en Ma na die sakkies beskuit, koffie en ander artikels wat hulle klaar reggesit het, ingeval daar van die mans sou opdaag. Wie het ooit kon dink dat dit so sou eindig? Gebede en groot droefheid lê in die harte.

Toe ons dink alles is weer veilig, vlug ons haastig na tant Alie se huis. Saggies roep my Moeder by die deur dat sy moet oopmaak. Hulle staan almal kant en klaar aangetrek en kyk deur die vensters hoe die Engelse om Oupa en oom Fanie se huise saamdrom.

+

Gert Kruger het belowe om Pa-hulle te kom roep wanneer hulle moes vertrek. Hy en Ellie het nog sit en gesels toe hulle die Engelse gewaar. Hy het kalm maar vinnig na sy perd, wat aan die druiweprieel langs die huis vasgemaak was, gestap en so al wat hy kon na die randjie gejaag. Toe die Engelse gewaar, is Boer se kind baie weg. Daar was vir hom egter geen geleentheid om die ander mans te waarsku nie.

+

By Oupa se huis was die omsingeling deur die Engelse ook onverwags en te laat het tant Klein-Fya en oom Sarel, wat tot laat gesels het, die gevaar besef.

Toe die vyand aan die deur begin stamp en skop het oom Sarel verbouereerd rondgekyk en geweet dat daar geen kans vir ontvlugting was nie.

En toe het hy opgekyk ... en soos 'n drenkeling aan 'n strooihalmpie sal vasklou, het hy die enigste uitweg gekies. Bokant sy kop was 'n rietstellasie waarop daar altyd vrugte gedroog is. (Totdat hulle dit weer sou gebruik, is dit op die balke gebêre – netjies die een teen die ander gestoot.) Ewenwel, oom Sarel dink nie twee keer nie. Hy klouter op die ledekantkatel, raap sy liggaam op en gaan sit versigtig en wag met die geweer in die hand, wat sy vrou inderhaas vir hom aangegee het.

Ewe gedweë gaan maak sy die deur, waaraan nog steeds gestamp word, oop en vra oënskynlik manhaftig: “Wat wil julle hê?”

Ongenooid storm 'n paar Engelse by die deur in en by haar verby. Haar hart sak in haar skoene toe sy haar man se hoed en pyp op die tafel sien lê. In die haastigheid het sy skoon daarvan vergeet. Angs omklem haar hart as sy sien dat hulle aan die pyp, wat nog warm is, vat.

“Still warm”, sê die Engelsman en beduie ongeduldig met die hoed en pyp in sy hand dat sy moet sê waar haar man is. Sy beduie vir hom dat haar man by die agterdeur uit is en gevlug het. Dis duidelik dat hulle haar nie wil glo nie. Mompelend soek hulle deur die huis.

Bo-op die stellasie bewe oom Sarel. Hy bid ernstig tot die Here wat nog dieselfde Here is, om sy vyand met blindheid te slaan soos by Lot se huis. Toe hy sy oë oopmaak is hy vol vertroue.

Hy sien die Engelse dofweg deur die riete. Hy sien dat hulle opkyk na hom toe. Is dit so, of verbeel hy hom dat daar van die mierwerksele van die stellasie se sandkorrels op hulle helms val? Maar, hulle sien hom nie raak nie.

Moedeloos en vererg draai die Kakies om en stap by die deur uit.

Heelwat later, toe alles stil was, het hy afgeklim, saam met sy vrou op sy knieë die Here gedank, en toe in die tuin in 'n groot, digte lemoenboom gaan skuil. Hy het gewag totdat sy vrou, Ma en tant Alie hom gaan roep het om te sê dat alles nou weer veilig lyk en dat die vyand weg was.

Oom Sarel was uitgeput van die min slaap en spanning, maar het moedig gereed gemaak om te vertrek en by die kommando aan te sluit.

Hy was egter nou sonder 'n hoed want die Engelse het syne saamgeneem.

“Ek gaan haal gou vir jou die keil in Oupa se kamer, want dis beter as om kaalkop te wees!” sê sy vrou. Die keil het aan President Kruger behoort en hy het dit met sy laaste besoek aan Ouma (sy suster, toe reeds lankal oorlede) daar laat bly.

So is oom Sarel toe met keil en al daar weg.

+

Pa en Meester is toe daardie nag wat hulle gevang is, voor die perde uit gejaag tot naby 'n kafferstat waar die Engelse by 'n ander groep van hulle makkers, wat daar gewag het, aangesluit het. Onder hulle was daar ook “hensoppers”. Pa-hulle was nou, in teenstelling, krygsgevangenes.

Die een ou hensopper doen toe aan die hand dat Pa-hulle liever met die ‘eed van getrouheid’ moet oorgee anders sal hulle weggestuur word. Die lafhartige voorstel maak Pa dadelik boos en bitsig sê hy: “Hulle kan my maar stuur so ver as wat die Vader land gemaak het, maar so 'n papbroek en landsverraaier soos jy is ek en Meester nie.”

En met daardie woorde het Pa-hulle die vonnis oor hulleself uitgespreek, want ons het geen taal of tyding van hulle ontvang voor baie lank daarna nie.

Toe het ons verneem dat hulle in die vreemde Ceylon is en het 'n portret ontvang waarop vyf van hulle wat krygsgevangenes was verskyn; dit was voor hulle vertrek op Ladysmith geneem.



Op die portret het ons gelees: Krygsgevangenes: (v.l.n.r.) W. v. Tonder, J.H. Fouché, J.M. Eloff, H. Lampen, J.A. du Plessis. Afnemende te Ladysmith. 1 September 1901. Tintown.

Intussen was Ma en tante Koos maar baie bekommerd oor hulle want het nie geweet of hulle nog gesond is en hoe hulle behandel is nie. Die twee vrouens het mekaar maar gedurig getroos en bemoedig.

+

Dit was of die duiwel nou los was. Sedert hulle die mans daar betrap het, was ons plaas gedurig dopgehou. Selfs kaffers, het ons verneem, was verantwoordelik vir inligting wat aan die Engelse verskaf is. Hulle het ook van die Boere wat vir die Engelse gevlug het, aangeval en al die vreeslike gebeure en gerugte wat ons bereik het, het ons onrus vergroot en ons waaksaamheid verskerp.

Een môre het Ma-hulle besluit om brood te bak. (In daardie dae was die bakoond in die kombuis ingebou.) Ma-hulle het by my tante se huis die brood geknie terwyl by ons huis vuur in die oond gemaak is. Toe die brood goed gerys het, het ons die panne brood aangedra na ons huis waar dit kon bak. Die oond was warm en uitgekrap sodat die brood ingestek kon word. Ons was sommer baie lus vir die lekker vars brood en het daar in die huis rondgedraai en gewag dat die panne uitgehaal moes word.

Tot ons ontsteltenis gewaar ons dat 'n klompie Engelse oor die werf aangery kom. Hulle het bepaald al ons doen en late met 'n verkyker dopgehou en goed geweet wat aan die gang is.

Hulle storm die kombuis in waar die heerlike broodgeur in die lug hang, stap doelgerig na die oond waar Ma besig is om die eerste brood uit te trek.

Tante Koos het 'n handdoek om haar skouers wat sy vir Ma aangee om die warm pan mee te hanteer, maar een Engelsman gryp 'n punt daarvan vas. Sy hou die een punt en hy die ander.

'n Ander Kakie gryp die pan by Ma en brand sy hand so seer dat hy in die rondte dans. Ondertussen gaan die stryd om die handdbek nog voort – die Engelsman trek om dit te bekom en tante Koos trek dat sy eintlik rooi word in die gesig om dit te behou. Heen en weer trek hulle totdat die handdoek eindeik van die hoë spanning middeldeer skeur. Maar hy wil die stuk wat in tante Koos se hand gebly het ook hê.

“Los tog die handdoek, Koos. Laat die vloek die brood vat!” beveel my Moeder, maar Hollander se kind hou vir al wat sy werd is.

“Dat zal ik niet toelaten dat wij niet eens één pan brood overhouden!” skree tante Koos vasberade.

Maar die Engelse het 'n ander plan gemaak en toe ons sien, word een vir een warm brood in hulle seil-saalsakke gegooi – en daar staan ons ewe beteuterd en magteloos en toekyk.

Met 'n tikkie ekstra vermakerigheid slaan een Kakie die ysterdeksel van die oond so hard toe dat ons dink dis flenters. Ingehoue woede stoot in ons op want van arme Ma-hulle se harde arbeid het nie 'n krummel oorgebly nie.

Manhaftig ry die klomp vabonde net soos windhonde met ons heerlike brood weg.

Daardie aand moes tant Alie vir ons brood gee om te eet.

+

(By 'n ander ou tante se huis het ook 'n Engelsman opgedaag en hongerig oor die onderdeur geloer. Hy sien 'n paar vars brode op die tafel lê en 'n bakkie heerlike kaaings wat die tante die vorige dag uitgebraai het. Hy beduie dat hy honger is en vra ewe ordentlik 'n stukkie brood. Die Boeretannie gee dit vir hom en hy sê: “Thank you for your kindness.” “Hy kom eet my brood en dan wil hy nog my kaaings ook hê”, brom sy ontevrede, maar gee nietemin vir die verbaasde Engelsman 'n klompie kaaings.)

Ons het gevoel: laat ons maar swyg en ons mond nie oopmaak nie. Dit was nie genoeg dat hulle ons hoenders en varke dood maak en die arme tarentale verwilder nie, nee, hulle het ook ons koring verbrand en nou nog ons brood kom vat. Ons het angstig besef dat as die Vader ons nie genadig is nie, ons nog van honger sou omkom.

Die ander koring was te pragtig groen op die lande, maar was nog nie eers in die are nie. Ons was so swaar getref met die runderpes toe amper al ons beste gevrek het. Ons het net kleinvee en ook darem 'n bietjie pluimvee oorgehou. Maar dit was 'n groot terugslag en nou ... voordat ons nog op die been kon kom, was die ellendige Engelse met verdere vernietigingswerk besig. Teen die tyd dat hierdie nasie met ons afgereken het, sou ons seker geen huis of hard besit nie. So het Ma en die tantes gereken, en maar gedurig fluisterend die nuutste gebeure loop en bespreek.

+

Toe het die tyding gekom dat baie van die vrouens na kampe geneem word. Onder hulle was ook Ma se jongste suster, tant Emmie Eloff (wie se huis maande tevore reeds afgebrand is) en haar vyf kinders. Hulle is na Mafeking se kamp gestuur.

Oom Douwtjie, Pa se broer, was ook tydens 'n geveg swaar verwond en moes in 'n Engelse hospitaal op Rustenburg verpleeg word. As Oupa dit moes weet sou dit vir hom veel hartseer en skok beteken het – daarom het hy dit ook nie te hore gekom nie. Oom Douwtjie was Oupa se geliefde seun by wie hy ingewoon en deur wie hy versorg is. Dit was oom Douwtjie se oudste dogter se man, oom Sarel, wat so byna deur die Engelse in sy huis betrap is. Ook dit, en verder dat Pa-hulle gevang is, moes vir Oupa dig gehou word.

Ma was ook baie hartseer toe sy nog moes hoor dat haar oom (haar moeder se broer, oom Jacobus Malan) op sy plaas Doornpoort deur die Engelse doodgeskiet is. Hulle het daarna sy liggaam onder groot klippe toegepak.

Hy wou 'n klompie boere kans gee om weg te kom want hulle was moeg en hulle perde uitgeput en maer sodat hulle sekerlik nie die paal sou haal nie.

Hy het toe heeltemal alleen weerstand teen die Engelse mag gebied terwyl die boere wegjaag en selfs met 70 somers agter die rug twaalf Engelse raakgeskiet. Maar geleidelik het hulle die oorhand gekry en nader beweeg. Uiteindelik moes hy onvermydelik die hoogste prys betaal.

Wie weet wat deur die klompie boere se gedagtes gegaan het toe hulle hierdie dapper man later onder die klippe vind. Sy gesig was onherkenbaar platgedruk en vermink deur die swaar gewig.

+

So het daar nou elke dag iets opspraakwekkends plaasgevind want die Engelse het meer vasberade en genadeloos begin optree. Rustenburg-distrik was besaai van Engelse kommando's, en my Moeder-hulle het begin vrees dat hulle enige tyd die ergste te wagte kon wees.

Een aand, so teen sonder, sien ons weer die bekende stofwolk wat perderuiters se besoek aan die plaas aankondig, naderkom. Ons was lelik in die nood, maar toe hulle nader kom, sien ons dat dit van generaal Kemp se mense is. Ai, maar dit was 'n wonderlike ervaring. Al was die manne vir ons onbekend, was dit te heerlik om weer van ons eie mense te sien en met hulle te praat.

Ma-hulle het gou potte en potte water gekook, koffie gemaak en ook vir party van die mans koffie gegee om saam te neem. Elkeen het sy eie pakkie beskuit uitgehaal en stilswyend sit en eet. Daarna het die kommandant versoek dat daar stilte moet wees en vir die groepie Boere uit die Bybel gelees. 'n Kragtige gebed is gedoen en met nuwe moed vervul, het hulle psalms begin sing. O, hoe pragtig en hartroerend ... die

mansstemme, uit volle bors, het weergalm en geklink asof dit tot aan die hemele reik. Wat het vir hulle gewag? Maar hulle was vol vertrou. Ma-hulle het kort-kort trane afgevee.

Tante Koos kyk deur die venster na buite met haar betraande oë, en sê: “Och! Och, as de Heere ons nou niet hore, zal Hij ons nooit hore!”

Nadat die diens ten einde geloop het, het die Boere hulle perde bestyg, hulle hoede afgehaal en totsiens gewuif vir die klompie weerlose vroue wat hulle daar agter laat. Ons was hartseer en het gewonder hoeveel van hierdie dapper manne die oorlog sou oorleef.

Nadat die geklank van perdepotte weggesterf en dit stil geword het, het ons meer as tevore alleen gevoel. Ons het naderhand gaan slaap, hoewel my Moeder-hulle meeste van die tyd wakker gelê het – bekommerd dat die Engelse van die Boere se besoek te hore sou kom en dan geen steen onaangeroerd sou laat om ons huise te kom afbrand en ons na die kampe weg te voer nie. Ma-hulle was baie bang vir die kampe want hulle het gehoor hoe die vrouens en kinders sterf en dat mense honger ly. Maar, aan die anderkant, het hulle gevoel, as dit ons gesamentlike lot moes wees, dan is ons nie beter as die ander nie, en geen swaarkry en lyding sou te erg wees nie – as ons maar ons land kon behou!

Om en by ons was daar altyd ou aia Clara en aia Sarie en hulle broer, outa Kerneels. Hulle was van die Kaapse volk wat Oupa-hulle vandaar saamgebring het. Ma-hulle het hulle die “mak volk” genoem. Hulle het getrouheid openbaar wat ’n mens se agting afgedwing het. Outa Kerneels het saam met oom Willem Grobler (as agterryer) op kommando gegaan, terwyl sy twee susters tuis gebly en gehelp het om Oupa te versorg. Hulle het ons bygestaan en in ons vreugde en leed en ook in ons vrees vir die vyand gedeel.

(Oom Willem was die vader van Pieter Grobler wat saam met die President oorsee gegaan het.)

+

Vir ’n hele tyd lank was daar weer stilte op die plaas. Maar soos hulle sê: dit was die stilte voor die storm!

Dit was ’n rustige oggend. Toe ons by die kraal kom was ons tog te opgewonde dat ou Bloutjie gekalwe het – ’n verskalfie. Ons as kinders was tog te bly want vanaand sou ons die bies kry as dit gekook word.

Maar die vreugde in ons harte het verstom, want onder om die punt van die lande waar die groen koring golwend juig, het twee perderuiters aangery gekom. Hulle sit so regop en trots op hulle blink perde.

“Dit is Kakies daardie”, sê tante Koos ontsteld.

Agter hulle staan ’n stofwolk in die lug wat beteken dat hulle makkers vinnig volg. Die geklap van perdepotte en geklink van stiebeuels dreun oor ons werf – dit lyk asof niks hulle in hulle vaart kan stuit nie.

Vreesbevange kyk ek na my Moeder en sien die angstige uitdrukking in haar blou oë en die trane wat oor haar wange biggel. Ek weet dat die dag van my Pa se gevangening nou weer vars in haar geheue lê.

Tante Koos met haar swart hare wat glad gekam en deur ’n wit paadjie in die middel gekloof is, met haar bruin oë en ’n diep plooi wat bokant haar neus saamtrek, is ’n toonbeeld van ingehoue ergerlikheid.

“Haatlike rooi bakkies met jul stijwe nekke – julle het geen gevoel nie en vandag kom julle met iets gemeens in jul harte”, sis sy woedend terwyl sy minagtend op die grond spuug.

“Koos, Koos”, fluister Ma dringend, “bly liever stil – dalk kan een van hulle jou verstaan. Jy weet dit is ons vyande en wat ons ookal doen ... niks kan dit verander nie. Laat ons liever stil wees en berus en ons saak opdra aan die Hoërhand – Hy is ons Redder en sal selfs in die dood volkome uitkoms gewe!”

Die een Kakie gee aan 'n ander een sy perd se toom om vas te hou en stap haastig na Ma toe. Hy beduie dat ons alles wat in ons huis is moet uitdra.

Verbouereerd gehoorsaam ons die bevel, maar toe ons die goed langs die huis wil pak beduie hy dat ons dit na die vrugteboord moet dra en onder die perskebome moet neersit want hulle wil die huis aan die brand steek. Ons draf en hardloop heen en weer met soveel as wat ons op 'n keer kan behartig. Ma en tante Koos dra die swaarste goed. Die Kakies jaag ons aan want, beduie hulle, as ons nie gou maak nie sal hulle die goed saam met die huis verbrand.

Ons is naderhand moeg van die kraginspanning en voel vernederd omdat hulle hande in die sakke, soos egte “lords”, staan en toekyk. Uiteindelik is ons klaar met die vermoeiende taak.

Terwyl ons wag, sien ons hoe hulle met 'n wa nader kom. Tant Alie was nie aangesê om hulle meubels uit te dra nie. Tant Alie en tant Hannie (oom Fanie se vrou) met hulle gesinne en oom Sarel se vrou (wat by haar moeder in Oupa se huis gewoon het) word aangesê om in die wa te klim. Oom Sarel se vrou, Klein-Fya, hou haar moeder huilend vas. Sy het 'n seuntjie van twee en 'n half jaar en 'n dogtertjie van tien maande.

“Ag, moeder”, sê sy snikkend, “laat klein Pietie maar hier by Moeder bly ... die kleinding sal ek saamneem, maar Pietie is tog so lief vir ouma en sal net gaan honger ly.” Dit is duidelik dat dit vir haar hartverskeurend is om haar seuntjie by haar moeder agter te laat.

Ons stap nader, en groet tussen die trane deur. Ons probeer moedig om mekaar te troos. “Ons sal vir julle bid, bid julle ook maar vir ons” is die besielende woorde van afskeid. Ons hoor die Kakies van “Mafeking” praat en weet dat die gevangenes na die vrouekamp daar gestuur sal word.

Ons staan magteloos en toekyk hoe die wa onder geleide van die Kakies wegtrek. Met groeiende onrus sien ons hoe daar, 'n ent verder, meer waens met vrouens en kinders by hulle aansluit.

'n Kakie kom na my Moeder toe aangestap en beduie dat ons maar weer die meubels kan terugdra – hy mompel iets van “next time”. Dus was alles tevergeefs! By “next time” het ons natuurlik verstaan dat ons die volgende aan die beurt sou kom.

Ons het al die meubels weer ingedra en sommer rond en bont neergesit – dit het vreemd gelyk en ons het ontuis in ons eie huis gevoel. Haastig stap ons weer na Oupa se huis en toe ons by tant Hannie en tant Alie se huise verby stap het ons opnuut onder die indruk gekom van die verlatenheid en koue stilte.

Tante Koos sê met die opstandigheid wat in ons almal se harte lê:

“Tante Lenie, is het niet vreeselijk om so 'n aakelige dingen te aanschouwen – kan ons hulle ooit vergeven?”

By Oupa se huis aangekom, het ons Klein-Fya se moeder met 'n slapende Pietie op haar skoot aangetref. Haar trane het op hom gedrup en sy het seker gewonder waar sou sy moeder vannag slaap en met hoe 'n seer hart?

Stilte het weer vir twee weke geheers. Twee weke waarin ons met willose hande ons pligte verrig het, terwyl 'n bange onsekerheid elke dag aan ons geknaag het ... En toe het die onvermydelike gekom.



## Kamp toe

Met groot geswaai en lawaai het die Kakie-ruiters aangery gekom. Daar was twee tentlose waens wat vir ons bedoel was. My Moeder wou nog ons klere wat in 'n kis was op die wa laai toe die Engelsman barstig “No!” skree en dit afstamp sodat dit voor haar voete op die grond val. My arme Ma moes gou al die nodigste in 'n laken toeknoop terwyl die ander haar voorbeeld volg. Ma het gou, ongesiens, haar Bybel en Psalmboek in 'n doek toegedraai en styf onder haar arm vasgeknyp, bang dat die Engelse dit sou sien.

Tante Koos kyk na my Ma en beduie ongemerk dat sy moet kyk wat gebeur. Die Engelse knip die draad en jaag hulle perde in ons pragtige groen lande – die rooi stof slaan onder hulle pote uit soos die jong koring vertrap word.

Intussen is die Kakies ook besig met hulle verwoestingswerk. In elke vertrek gooi hulle die meubelstukke bymekaar om 'n hoop te vorm. Stoele, tafels, beddegoed, boeke – ja, niks word gespaar nie. Tevere dat hulle deeglike werk gedoen het, word lampolie daarvoor gegooi en binne enkele minute staan ons eertydse besittings in ligte laaie.

Terwyl ons nog verslae toekyk, beduie 'n kakie-arm dat ons solank moet begin aanstap langs die waens want tot by die spruit is die pad maar taamlik onbegaanbaar en hulle is seker bang dat die waens dalk kan kantel as dit swaar gelaai is.

Hulle beduie dat net my Oupa, my tante en haar dogter, Ellie, en oom Dik Louw moet inklim, maar Oupa weier volstrek.

Hy sê die wa sal omval en stap ewe gedweë langs die wa en steur hom nie aan die Kakie wat met sy roer dreig nie.

Tant Fya sê: “Hulle sal vader skiet”, maar hy hou hom doof. Na veel gesoebat het my Moeder en tante Oupa in die wa gedwing maar my tante moes net mooipraat want hy wou weer afklim. Hy het toe later stil gesit want weerskante van die wa het Engelse soldate met blink gewere kom stap.

Ons kyk om na die droewige aia Sarie en Clara, wat ons agterna staar. 'n Patetiese groepie staan hulle daar saam: outa Kerneels en sy twee susters – alleen met die verlate plaas.

Toe ons oorkant teen die spruit se wal uitstap, kyk ons om en sien hoe die rook by ons huise se vensters en deure uitborrel.

Terselfdertyd sien ons hoe, by tant Alie en Oupa se huise, die vernietigende vlamme lustig deur die grasdakke lek.

Ons, kinders, word bang by die gesig wat ons aanskou en ek gaan angstig teen my moeder staan. Ek hoor Ma-hulle saggies huil – alles waarvoor hulle vir jare gewerk het, is 'n hoop as!

“Waar gaan hulle nou met ons heen ... wat sal hulle met ons maak?” vra ons, maar kry geen antwoord van die ouer mense nie.

+

'n Tydsame reis op die skommelende wa – teenmekaar sit ons sodat daar vir almal 'n plekkie kan wees. Die son bak skroeiend. Ons kleinvee word langs die wa aangejaag en dié wat te moeg word om by te hou, word keel afgesny en op 'n tweede leë wa gegooi.

Later sluit ons by meer waens aan en teen sononder word daar uitgespan.

Toe word die dooie diere wat heeldag in die warm son gelê het eers oopgesny en die stankwalm hang om ons. Van dié vleis word aan ons gegee om te kook, maar niemand van ons wil daarvan eet nie.

Oupa is honger en tant Fya weet nie wat om vir hom te gee nie, want hy is gewoon om saans melk en 'n snytjie brood te eet en nou is daar net die vleis wat geen mens kan eet nie. Ma stap na 'n Engelsman wat vir haar na 'n offisier lyk, en wys na Oupa wat op die velstoeltjie by die wa sit. Sy beduie dat hy honger is en nie die vleis kan eet nie. Die Kakie kyk eers behoedsaam rond en gee gou aan Ma 'n halwe hopbrood en 'n klein blikkie stroop – hy beduie dat sy dit onder haar voorskoot moet versteek sodat niemand dit sien nie. Ma was baie dankbaar en Oupa, nie lief vir stroop nie, het toe die brood saam met swart koffie geëet. Oupa se ou liggaam kon ook nie op die harde grond aan die slaap raak nie en my Moeder-hulle het feitlik die hele nag gesukkel om iets in die plek van die sagte verebed daar te stel. Ma-hulle het toe maar vir elkeen 'n slaapplekkie gemaak.

Klein Geert (Lampen) lê al – ek sit nog op my slaapplek. “Ons moet eers bid en sing”, sê Ma. Terwyl ons sing, sien tante Koos een van die ou groot rooi jagspinnkoppe teen die seiltjie wat bokant ons koppe gespan is om die wind af te keer. Ma sing nog ewe lustig toe tante Koos gil. “Tante Lenie, jij zing nog ... kijk dat beest!” skree sy. Geert vlieg vervaard orent: “Och, Mamma”, roep hy berouvol, “dit is omdat ik vergeet het om te bidde”, en gou staan hy op sy knieë om te “bidde”.

+

Die volgende môre het my Ma-hulle vroeg weer na die offisier gestap en aan hom verduidelik dat hulle nie weer die hele dag in die oorvol wa sonder enige beskerming teen die hitte van die son sou kon reis nie. Hy was baie tegemoetkomend en het gereël dat 'n tentwa tot net ons groep gesinne (onder wie ook tante Koos, Oupa en tant Fya-hulle) se beskikking gestel word. Dit het toe baie beter gegaan, maar nogtans was dit 'n vermoeiende ervaring aangesien die Kakies vir myle draaie gery en net waar dit veilig gelyk het kamp gemaak het. Oupa was naderhand so uitgeput.

Teen omtrent twaalfuur is daar “hokaai” geroep en die wadrywers het die trek tot stilstand gebring.

Ons sien toe met ontsteltenis die rede vir die stilstand: 'n paar boere-ooms wat gevange geneem is en ewe verslae na die waens toe aangestap kom, met langs hulle aan weerskante, 'n ry Kakies met dreigende gewere. Tot by ons wa kom hulle en daar word vir hulle elkeen 'n beker swart koffie met droë brood aangebied. Ons kry hulle so jammer en voel ons trane opwel, maar moet dit onderdruk uit vrees dat enige blyk van simpatie met kwaad vergeld sal word. Ma-hulle kyk maar stilswyend na hulle ... en hulle verstaan die woordelose boodskap.

Saggies fluister my Moeder vir tant Fya: “My sus, ek wens my oë was Maxims, dan skiet ek al hierdie Kakies!”

Die waens het weer stadig in beweging gekom, en die ooms het vermoeid orent gekom en agterna begin stap. Later kon ons hulle nie meer sien nie.

+

Laat die middag kom ons op Ventersdorp aan. Ons moes daar in 'n ou winkel (reeds deur die Kakies gestroop) slaap. Voor die winkel het daar in die sand duisende kraletjies verstrooi gelê en ons klompie kinders het gretig opgetel soveel as ons kon.

'n Sekere ou oom Pelser, wat gehensop het, en sy ou vrou het by ons aangesluit om saam te reis na die kamp.

Die boervrouens kon die ou man doodkyk van minagting vir sy daad. In die middel van die winkelvertrek was daar so 'n glaskamertjie, seker bedoel as kantoor toe dit in gebruik was, en daar het oom Pelser en sy

gade hulle geskaar terwyl ons ander die res van die winkel in slaapplekke omskep het. Ma-hulle het gespot en was tog te vies. “My suster”, sê Ma vir tant Fya, “hy is jou waarlik ’n ‘hensopper’ en dis seker daarom dat hy nou ’n glaskamer kry om in te slaap.”

Dit was ’n koel nag. Die plankvloer was baie hard en die Engelse gee toe naderhand vir ons van hulle kakiekomberse. Maar dit was nie skoon nie en die kinders wou nie daaronder slaap nie. “Dit steek net soos klitsgras deur jou klere” was ons dit almal eens.

So teen middernag skree een van die wagte en stamp aan die deur. Hy waarsku dat daar ’n vuur onder die winkel is. Ons skrik ons natuurlik boeglam en binne enkele oomblikke is al wat vrou en kind is wakker en op. Ons voel toe dat net waar ons in die hoek geslaap het dit warm was. Dit was ’n groot winkel van sink en pale gebou, maar dit het ook op pale gerus en dit sou maklik wees om ’n vuur daaronder te maak. Ons het gemeen dat dit seker deur die Kakies self of deur hulle eie swart makkers gedoen is. Ons het nog angstig rondgestaan toe ’n ou wag kom sê dat ons maar weer verder kon slaap aangesien hulle daarin geslaag het om die vuur te blus.

+

Daarvandaan vertrek ons toe Potchefstroom toe, maar duskant die dorp gaan ons vlak langs ’n klompie strooise verby. Ons sien ’n klompie ou skepsels daar by die pad saamdrom en toe ons nader kom, kom een ou aia met ’n splinternuwe bruin sinktrommel na Ma toe aan.

“Ounooi, vat tog die trommel – hulle wil my strooihuis brand en ek het die trommel gekoop, maar nog nie gebruik nie”, verduidelik sy haastig en vervolg stadiger: “As die Ounooi eendag weer hierlangs verby kom en ek leef nog, kan die Ounooi dit weer vir my gee.”

Ma was bang om die trommel te vat en beduie eers vir ’n Kakie wat aangaan. Toe hy toestemming gee, sit sy gou die trommel op die wa en voel skatryk met ’n besitting wat nie eers haar eie is nie.

+

(Ons het die Engelse taal maar moeilik verstaan en die volgende was nie ’n seldsame verskynsel nie: ’n Tante staan langs die wa wat deur Engelse soldate omring is. “Get in!”, beveel die Engelsman, “we are taking you to Mafeking.” Sy staan met een kind op die arm, een aan die hand en ’n derde huil dat dit so gons. Sy kyk na die Engelsman, wys met haar vinger na die huilende seuntjie en sê vir hom: “Hey, wat staan jy so na my en kyk – take die masamane (seuntjie) en put hom in die koloi (wa).”

+

Ons het Potchefstroom, wat vir ons toe nog onbekend was, uiteindelik binnegery en dit het gevoel asof ons duisende myle op die stowwerige paaie afgelê het. Dit het ook gevoel asof ons nie weer met dieselfde pad sou teruggaan nie. Vêr agter was alles wat vir ons bekend en dierbaar was en hier voor ons die drumpel van die onbekende en onsekerheid.

Meteens het ons duisende wit, ronde tente gesien – dit was die kamp! Ma- hulle het gehuil ... ons het ons nekke langer gerek en wou weet hoe lank ’n mens in dié goed sou kon bly. Soos miershope het hulle daar gestaan.

Eindelik het ons ons bestemming bereik en traag van die waens afgeklim. Om ons was daar ’n see van gesigte – vrouens en kinders met dieselfde hartseer in hulle binneste as ons.

Ons was bewus van knaende honger, maar het teësinnig na die boeliebief gekyk wat die Engelsman so uit ’n blik stamp. Maar ons was groot genoeg om te besef dat ons eintlik geen keuse het nie en dit sou móés eet al

was dit ook net om die ergste honger te stil.

Ons kry toe een tent vir ons groep wat bestaan het uit tante Koos, haar seuntjie Geert, Ma, my suster Sophie, my broertjie Kotie en ekself – sesstuks.

Oupa, tant Fya, haar dogtertjie Ellie en klein Pietie (wie se moeder na Mafeking se kamp gestuur was) het ’n ander tent betrek. Ons klompie was dus saam gehuisves in kamp nommer 3.

Dit was ’n bittere ervaring om aan die vreemde leefwyse gewoon te raak. Boonop het die droewige ervaring van daaglikse sterfgevalle en begrafnisse van ons eie mense, onafskeidbaar deel van ons lewe geword.

’n Groot tent het as hospitaal gedien. Vir hom was ons bang ... baie bang! Die mense het gesê min van diegene wat daar ingedra word, kom weer terug.

Die beknopte lewe in die tent het naderhand onuithoudbaar geword en tante Koos het by die hoofde van die kamp gaan kla. Hulle het goedgunstiglik nog ’n tent aan ons afgestaan en toe het dit beter gegaan want in een kon ons bly en eet en in die ander een slaap.

Die tente het gebewe onder die aanslae van storms en swaar weer, en dan het ons ook gebewe want dit het gevoel asof ons onder die blote hemel is wanneer die geweld van donderslae en weerlig om ons is. En ons en veral my arme Ma wás altyd so bang vir swaar weer.

Ons het gereeld ons wasgoed by die rivier gaan was. Dikwels het daar dan afnemers gestaan om foto’s van ons te neem. Dan het my Moeder vir suster Sophie gesê: “Trek jou kappie in jou oë my kind ... daar staan al weer ’n vloek wat ons afneem om met ons die spot te dryf in hulle land” (Engeland).

Daar was so baie, baie siek mense. By die meeste tente waar jy verby loop, kon jy net smart en ellende sien.

Oupa het ook baie siek geword en my Moeder en tant Fya het dag en nag by hom gebly, hom versorg en by hom gewaak totdat die dood hom weggeneem het. (Hulle was altwee Oupa se skoondogters.) Ten tye van Oupa se siekte het die oom Pelser (wat in Ventersdorp so gerieflik in die glaskamer geslaap het) ook sy hulp kom aanbied, maar Ma-hulle het dit van die hand gewys want, het hulle saggies vir mekaar gefluister, die oom is ’n mak-kakie en hulle sal self krag van die Here ontvang vir hulle taak ... ook hiér in die vyand se kamp.

Daarna het klein Pietie ernstig siek geword en dit het nie lank geduur voordat hy oorlede is nie.

Toe het ook suster Sophie ernstig siek geword sodat daar gevrees is vir haar lewe. Uit vrees vir die hospitaal het Ma voorgegee dat dit nie so erg was nie.

Een môre het die Engelse dokter kom kyk en medisyne gegee. Maar my Moeder het wantrouig, wanneer die tyd kom, ’n lepel medisyne in die sand omgekeer en gereeld vir my suster van die homopatiese medisyne, wat sy by ’n sekere oom Van der Berg gekry het, gegee. Suster Sophie het geleidelik gesond geword – daar was groot dankbaarheid. Sy was nog nie heeltemal sterk nie toe ons verneem dat ons ons moes laat afneem. Tante Koos wou so graag vir haar familie in Holland ’n portret stuur. Op pad na die afnemer het suster Sophie onverwags flou geword, want die stap was natuurlik vir haar veels te uitputtend. Ma het geweldig geskrik en by die naaste tent water gevra. Toe my sus beter voel, het ons voortgegaan en uiteindelik is die foto geneem – vandag ’n waardevolle aandenking.



Op die portret verskyn ons soos volg: agter: suster Sophie; dan v.l.n.r.: tante Koos, Geert, Moeder, broer Kotie; en voor: ekself.

Toe is Geert hospitaal toe met masels, maar hy het gelukkig gou weer teruggekom.

Ook my beurt het gekom om na die sombere hospitaaltent te gaan, maar ek het lank daar gebly want ek het longontsteking opgedoen en was ernstig siek en swak.

Gelukkig was een van ons boeremeisies daar 'n verpleegster; haar naam was Heybrecht Lessing. Ag, sy was so goed vir my. Snags, as almal slaap, het sy stilletjies vir my ligte beskuitjies gegee om te eet as ek so gehuil het van honger. Skelmpies moes sy te werk gaan met die weldaad, want as iemand moes uitvind, weet ek nie wat sou gebeur het nie.

Tante Koos het 'n geldelike toelae van die Hollandse Konsul ontvang en koop toe vir my 'n splinternuwe paar skoene. Ek was so bly en tog te trots op die pragtige blinkleerskoene. Ek kon maar net daarna kyk, want was nog te siek om op te staan.

My arme Moeder was so bekommerd en dikwels het sy snags by die venstertjie wat naby my bed was, kom verneem hoe dit met my gaan.

Ek het mettertyd beter geword en kon naderhand teruggaan na ons tentwoning, maar dit het baie lank geneem voordat ek heeltemal herstel het en weer sterk genoeg was om self te kan loop.

+

Een môre, terwyl Ma 'n sieke gaan besoek het, kom daar 'n skoolonderwyseres, genoem "teacher" by ons tent. "Teacher" was vir ons 'n vreemdklinkende woord. Sy skryf toe ewenwel my suster Sophie, broer Kotie en my eie naam op 'n papier en sê dat ons Maandag na die kampskool toe moes kom.

By Ma se tuiskoms vertel my suster vir haar daarvan. Maar die gort was gaar! Ek onthou nog hoe vreeslik kwaad Ma was. Haar mooi blou oë het bitsige kykers geword en sy vat dadelik koers agter die skool "teacher" aan. In kamp nommer 4 haal Ma haar toe in.

"Kyk hier", sê Ma, nie biétjie ontstoke nie, "my kinders se name trek jy hier vlak voor my oë dood. My kinders sal nie in my vyand se skool gaan nie. My man is gevang, my oudste seun is gevang, en drie seuns veg nog buite – hulle leef miskien nie eers meer nie en om dan hier my kinders in my vyand se skool te sit! Trek dood sê ek – trek dood hulle name!"

Verbouereerd probeer die juffrou om die saak te red: "Ja, Mrs., maar die kinders kan tog nie sonder skool bly ..."

"Myne kan so bly", antwoord Ma sondermeer.

"Ek sal hulle uit die Bybel leer en hulle kan leer skryf as dit vrede is!"

Die oorblufte "teacher" was verplig en doen net daar en dan wat Ma gebied.

Ons haglike toestand en bittere ontberings het meegebring dat Ma so 'n afkeer in al die vyand se doen en late gehad het.

Teësinnig, maar tog nuuskierig, het Ma-hulle een môre die bedrywighede by die konsuise skool staan en gade slaan. Die kinders moes toe in lang rye "leftright" stap en arms swaai. Ma sê vir tant Fya: "Ek sê jou, my sus, hulle maak of die kinders soldate is. Ons. is tog gewoond ons kinders staan in 'n ry – voor stap meester en ewe stil volg die kinders. Dan hoor jy hulle tog Psalms sing na die gebed voordat hulle met die skoolwerk begin. Hier is dit nou vir jou 'n gedoente van die ander wêreld."

Daar was heelparty honde in die kamp. Ons het gemeen dit is rondloperhonde en miskien was hier en daar een wat ingesmokkel was. Ag, dit was vreeslik om te sien hoe die Engelse die honde gif ingee – die diere het jammerlik getjank totdat hulle eindelijk dood neerslaan.

Ek het 'n ent daarvandaan staan en kyk, maar het so gehuil dat Ma my moes kom haal terug tent toe.

+

Só het die kampe ook maar elke dag genoeg aan sy eie kwaad gehad.

Een môre het Ma kennis gekry dat dit weer haar beurt was om te gaan hout ontvang. Sy kon nie self gaan nie en stuur vir suster Sophie. Hulle gee haar 'n nat stomp hout, veels te swaar vir haar om op te tel. 'n Ou mak-kakie oom wou haar help, maar ewe parmantig sê sy: “Oom kon dan nie eers oom se geweer dra nie, hoe sal oom nou die stomp kan dra?” Ewe manhaftig het sy met die groot stomp gesukkel-sukkel tot by ons tent.

Ma het haar lam geskrik toe sy hoor wat my Sus vertel en het haar sagkens berispe: “My kind, hulle sal jou in die tronk sit – al sê ons ook so, mag jy nie vir hulle sê hoe ons voel nie.”

Die hout wat ons by die kole gekry het was maar gewoonlik nat, groen hout.

As voedsel het ons net klinkers en bief gekry. Daar was seker soms fout met die bief want baie mense het seer tonge gekry; arme Ma se tong het ook oopgebars. Op die biefblikke was 'n perd afgebeeld en die meeste mense het geglo dat ons perdevleis eet ... maar ons kon nie kies nie.

Die suiker was vol fyn blou-vitriool.

Ons kampe was met doringdraad omhein en met leë melk- en biefblikke behang.

Ons het natuurlik gewonder wat dit beteken. Toe ons eenkeer by die hek verbystap, sê tante Koos: “Tante Lenie, weet u wat, ze zijn bang dat wij deur de draad zullen kruipen en dan kan de blikken ene geraas maken as ons willen weglopen.”

Daar was ook gedurig wagte om die kamp.

Ek onthou ook dat my Moeder 'n permit moes kry as ons dorp toe wou gaan.

Ons het ook kerk toe gegaan in ons eenvoudige, maar skoon en netjiese klere. Sussie het ook katkisasieklasse bygewoon om lidmaat te word en vir daardie geleentheid het tante Koos vir haar 'n deftige rok met die hand gemaak.

+

Hoe meer dae verbygegaan het, hoe moeiliker het dit geword, hoe meer is geloof en uithou vermoë op die proef gestel.

Maar steeds het Ma-hulle se gebede sterk en vertrouend gebly ... vertrou dat daar 'n einde aan die ellende sal kom.

Wat 'n verrassing vir my Moeder toe sy 'n brief kry, maar terwyl sy lees roep sy “O, Vader” en die trane loop oor haar wange. Ons verneem toe dat die brief van haar suster, Emmie Eloff, van Mafeking se kamp is. Sy skryf dat al vyf haar kinders binne die bestek van een week dood is; en dat sy so verswak is van skok en verdriet dat die wil om te loop haar ontbreek. Haar oudste kind was 13 jr. en die jongste 3 jr. oud. Maandag het twee gesterf, Donderdag twee en Saterdag die jongste en laaste.



“Ag, my arme, arme Sus”, sug Ma, “hoe sal sy dit kan dra as ons Hemelse Vader haar nie die krag en genade gee nie?”

Dadelik het Ma vir haar geskryf: “Ek bid vir jou – vertrou op God.”

Tant Fya kry ook ’n brief van haar dogter, Klein-Fya (oorlede Pietie se ma), waarin sy skryf dat die dogtertjie Annatjie van 10 maande ook oorlede is. Die droefheid was net onvergeetlik.

Uit tant Emmie se brief het Ma-hulle so tussen die lyne verstaan dat tant Neelsie van Dyk se enigste kind ook dood is en dat sy en ’n ander klompie vrouens wat haar wou volg, weggeloop het uit Mafeking se kamp. Sy (tant Emmie) wou saamgaan maar hulle wou dit nie waag nie want sy kon nie behoorlik loop nie; sedert haar kinders se dood was haar bene half verlam. Maar, skryf sy verder, hulle bid voortdurend vir die vroue wat ontsnap het – dat die Here hulle mag lei en dat hulle tog nie in die hande van die Engelse moet val nie.

Later het ons verneem wat toe gebeur het: Tant Nelie-hulle se moedige poging is met sukses bekroon toe hulle te midde van gevaar, uiteindelik ’n boerelaer bereik het.

Die mans was oorstelp van vreugde en het mekaar verdring in ’n poging om te verneem hoe dit met elkeen se vrou en kinders gaan. Sommige se nuus was goed, ander nie. Toe almal ’n beurt gehad het, stap oom Frikkie (tant Emmie Eloff se man) ook stadig nader en vra vir tant Nelie: “Hoe gaan dit met my vrou?” Sy kyk hom stilswyend aan en sê naderhand met ’n sug: “Ja, Frederik, vir almal kon ek gou sê, maar vir jôú kan ek nie vinnig antwoord nie.”

“Ja, Nelie”, sê hy, “jy weet ek het so ’n snaakse droom gehad wat ek net nie kan vergeet nie. Ek het gedroom ek kom by ons huis waarvan net die murasie daar staan. Langs die huis waar die lemoenboom staan het ek gesien vyf van die takke lê afgekap onder die boom en net die stam staan daar. Nou het ek gewonder ... is die stam dalk ek of leef my vrou nog?”

“Ja, Frederik, jou vrou lewe nog, maar julle vyf kinders is kort na mekaar, binne een week dood”, deel tant Nelie mee terwyl oom Frikkie sy kop laat sak.

+

My Moeder het verneem dat haar suster, tant Hannelie Eloff (getroud met Machiel) in ’n konsentrasiekamp by Pietermaritzburg was (verwys na *Kniel Krygsman*; At van Wyk, bl. 268).



## Oorgawe

Gerugte het die rondte begin doen dat dit gaan “vrede” word.

Ma-hulle wou dit nie glo nie en het gehoop en vertrou dat die Boere sou aanhou veg tot die einde.

Maar, na ’n tyd gebeur dit dat die eerste Boerekrygsman in die kamp opdaag. Ma-hulle hoor dat dit werklik vrede is. Hulle hoor ’n gejuig en kyk ... ja, waarlik daar drom ’n klompie vrouens saam en dra ’n man op hulle skouers en skree van blydschap. Ma-hulle staan verslae – bot en stil. Diep teleurgesteld: waarom het hulle nie geveg en aanhou veg nie? Wat help vrede as ons ons land verloor ... ons sou nog meer verduur het as ons mense net aanhou veg het tot oorwinning!

(Weinig het my arme Moeder geweet dat op daardie tydstip haar drie seuns wat nog dapper tot op die laaste geveg het, moedeloos, met geboë hoofde aangestap en met seer harte hulle wapens op Doornkom gaan neerlê het.

Berigte oor die lyding en sterftes van vrouens en kinders het die dapper, onverskrokke Boer tot ’n halt geroep – hom gedwing om die minste te wees!

Ja, sommer daarvandaan het hulle koers gekry plaas toe waar hulle alles in puin aangetref het.)

In die kamp het die mense verheug gesing: “Prys die Heer met blye galme”, maar tante Koos en Ma-hulle het gevoel om liever die Psalm “Uit diepten van ellenden, Roep ik met mond en hart” te sing. Die ontsettende besef was daar: Ons het ons land verloor – alles tevergeefs!

Skielik kry die prentjie nou ’n ander kleur: daar is meer toegeeflikheid en ons kry selfs bevrore vleis om te eet. Ag mense, was dit heerlijk – ons kon ons oë nie glo nie, want ons leef toe al vir meer as ’n jaar van bief (wat ons met ons gebarste tonge nie langer kon eet nie), en klinkers wat selfs in kookwater nie kon week nie – nee, die Engelse klinkers het net gladder en meer oneetbaar geword.

+

Daar het nou elke dag mans by die kamp opgedaag, op soek na hulle mense. Dan het vrouens en kinders by die hek saamgedrom om te sien wie die nuwe aankomelinge was. Na al die ellende was dit ’n wonderlike ervaring om mekaar weer te kon sien.

Toe Ma-hulle hoor dat daar van Rustenburgdistrik se mans verwag word, het hulle ook na die hek toe gegaan. Ek was, na my siekbed, nog te swak om so ver te loop en het in die tent agtergebly.

Ek dink toe ek gaan agter die klap van die tent wegkruip ingeval een van my broers dalk saam met Ma-hulle terug kom. Ek het gou uit my skuilplek tevoorskyn gekom toe ek my broers Danie en Louw se bekende stemme hoor. Ek het gevoel of ek wil flou word van pure blydschap. (Boet Jannie, die jongste, het saam met ’n ander groep gereis en kon eers later verwag word.)

My broers het vertel dat hulle by die plaas was waar alles maar verwoes daar uitgesien het. Die huis was pikswart verbrand en selfs die pleister het afgeval. Hulle was egter vol moed en planne om verbeterings aan te bring voordat ons sou huistoe kom. Hulle was genoodsaak om eers ’n paar weke daar in die kamp by die “Rassions house” te werk – daarna is hulle plaas toe. (“Rassions house” is deur die kampvrouens Ressenhuis genoem, want waar het hulle nou al ooit van “rassions” gehoor of gesien?)

Al die mans het hard gewerk om hulle huise te herstel, en selfs diegene wat deurentyd gevlug het, was ook weer tuis.

## Huis toe

Dit het gevoel asof 'n ewigheid verloop voordat ons weer die waens bestyg het om na ons tuiste vervoer te word.

Toe ons deur Potchefstroom ry sien ons die Union Jack in elke straat hang. Ma-hulle is so vies maar bedink hulle om die verkeerde te sê. My Moeder kyk anderpad, sug en sê: "Die Here sal ons nie verlaat nie. Hy is ons Vader en Behoeder en ons onderwerp ons aan Sy wil."

Ons het weer by die strooihuise verby gery, maar dit was verlate. Net die bouvallige mure het daar gestaan en daar was geen ou aia om haar trommel terug te ontvang nie.

Ons het ook weer langs die pad geslaap, maar hierdie keer was dit anders. Oupa en Pietie was nie meer by ons nie.

Dié aand het die kaffers wat by die trek was om die groot kampvuur gaan sit en die vrouens en kinders, wat nou met leë hande" (en sommige ook met leë harte) terugkeer, toegesing. Dit was 'n aandoenlike gebaar en Ma-hulle het kort-kort trane afgevee.

+

Verslae, maar dankbaar het ons die plaas genader.

Aia Clara het ons ver van die huis af reeds tegemoet gehardloop. Haar ou geel gesig was stralend van vreugde – trane het oor haar wange geloop terwyl sy ons kinderhandjies gesoen het.

By die huis aangekom het ons gesien dat ons broers darem al weer balke by die populierbos gaan kap en alreeds die voorste deel van ons huis se dak vervang het. Ons het 'n tent langs die huis opgeslaan om in te slaap totdat ons huis weer bewoonbaar was. Hierdie tentlewe was 'n wonderlike teenstelling met die kamp s'n – selfs die sterre, wat oor ons eie huis geskyn het, vas vir ons helderder. Dit was 'n ondervinding om ná die groot verlange, alles op die ou plaas weer van nuuts af te verken.

Aia Clara het vir Ma 'n vleisbord gebring wat sy na die verwoestende brand in die huis ontdek het. Sy was tog so in haar skik dat sy dit veilig vir die Ounooi kon bewaar, en Ma het met dié erfstuk as enigste besitting, skatryk gevoel. (Dit was 'n geskenk van oom Casper – pres. Kruger se seun – se vrou wat weer Pa se suster was.)

+

Hoewel ons van die laastes was wat in gevangeneskap weggevoer is, was ons van die eerstes om weer terug te keer.

Soveel het verander: Oupa se huis was leeg, verbrand en donker; oom Douwtjie het tydens 'n geveg omgekom. Tant Alie se huis was ook verlate want sy en haar kinders het by Marico (waar haar skoonseun gewoon het) gaan kuier. By oom Fanie se huis was dit dieselfde – tant Hannie en die jongste dogtertjie het in Mafeking se kamp gesterf. Dit was feitlik net ons en tant Fya en haar twee dogters wat terug was. Oorlede tant Hannie se drie dogtertjies was onder tant Alie se sorg.

+

Ons broers het hard gewerk om die huis weer te herstel. Tante Koos het nog 'n paar meubelstukke by vriende op Rustenburg gehad. My broers het dit daar gaan haal en ons het toe darem ook weer 'n paar stoele gehad om op te sit.

Met groot ywer het die Boere probeer herwin wat verlore was. Hulle het eiehandig riempiesstoele en -banke gemaak en geruil vir lemoene en ander eetware. Ou kraalmeide het kleipotte kom verruil en ons kon ons drinkwater yskoud hou – ’n groot behoefte ná die warm drinkwater in die kamptente.

So is daar weer van nuuts af ’n begin gemaak.

Sprinz, die ou Jood, het ook sy winkel reggemaak en weer begin handel dryf. My broers het hom teen vergoeding gaan help, en só kon ons weer die nodige lewensmiddele koop. Saans het ons vetpitte gebruik om ’n liggie te verskaf. Die mans wat nie gaan veg het nie en van rand tot rand gevlug het, het nog osse en koeie gehad. Dan het ons broers hulle gaan help ploeg, in ruil waarvoor ons die osse kon leen om ons eie lande om te ploeg. Dit was maar ’n sukkel-bestaan.

Saans in die helder maanskyn, het ons almal voor die voordeur gaan sit en saam Psalms gesing ... en terug gedink.

+

Toe het tant Alie-hulle teruggekom; en op 'n goeie dag tot ons groot vreugde, ook Pa. Hy kon veel vertel van sy wedervaringe in Ceylon en dat arme Meester deur die Engelse weer na Holland teruggestuur is. Oom Willem Grobler, tant Alie se man, het teruggekeer van Bermuda af; oom Fanie van St. Helena en Ouboet van Shahjahanpur (Indië) af.

Ai, dit was ’n wonderlike weersiens waarvoor daar veel dankbaarheid was, want vir sommige was daar pyn en hartseer. Vir oom Fanie was daar net sy drie dogters; hy was ontrooslik oor die dood van sy vrou en jongste.

+

Meeste van die Boeregevangenes het daar ver in die vreemde wanneer hulle harde arbeid bedags afgehandel was, die tyd verwyd deur aandenkings vir hulle dierbares te maak. So is daar byvoorbeeld met ’n knipmes borsspelde ensovoorts uit ivoor gekerf of verskillende miniatuur voorwerpe uit hout of sagte klip. Daar was die allerfraaiste kunsskeppings gebore uit eensaamheid en verlange.

Elkeen van die manne het hulle eie interessante ondervindinge meegedeel. Toe het ons eers gehoor hoe dit nou eintlik gebeur het dat Ouboet gevange geneem is: Generaal Smuts het ’n klompie jongmanne onder wie Ouboet, gestuur om in die Vrystaat te gaan perde haal. Hulle het met groot versigtigheid veilig deur die Engelse linies beweeg. Op ’n dag sien hulle ’n klompie vrouens waar hulle tussen die randjies skuil. Bly om bekendes te sien, het hulle daar afgesaal om ’n klein rukkiet te vertoef. Hulle het geselsend koffie gedrink en spoedig aanstalles gemaak om op te saal. Maar, net te laat ... binne oomblikke het die Engelse hulle omsingel en gevange geneem.

Later is verneem dat die Engelse wel bewus was van die klompie vroue maar hulle met opset geïgnoreer het met die hoop dat daar een of ander tyd Boere sou opdaag. Alhoewel Ouboet-hulle ook vooraf gespioeneer het, het die Engelse dit blykbaar beter gedoen.

+

Toe het Ma vir Ouboet vertel wat met sy goeie vriend Pieter Schuil gebeur het: Die Engelse het hom van verraad beskuldig en voor hulle krygsraad gebring waar die doodsvonnis oor hom uitgespreek is. Hy moes sy eie graf grawe – daarna het hulle hom geblinddoek en op die graf se wal laat sit. Die doodskoot het hom in sy graf laat val.

Vooraf het hy alles aan Ouboet geskrywe en die brief aan ’n sekere Neilson (van Skandinawiese afkoms)

gegee om aan Ouboet af te lewer. Neilson het sy woord gehou en dit na my Moeder gebring, maar sy was bang om dit te bewaar aangesien die Engelse enigiemand wat enige dokumente besit het in die tronk sou gooi. Ma het die brief toe verbrand sonder dat Ouboet dit ooit kon lees. Lank sou die mooi jong man (van Hollandse afkoms) Pieter Schuil wat onskuldig met sy lewe moes boet, onthou word. Neilson het gesê dat niks in sy pad sou staan om Pieter se ouers in Holland te gaan opsoek, en aan hulle die tragiese nuus te gaan meedeel nie.

+

Tante Koos wat nog by ons gewoon het, was baie teleurgesteld dat Meester nie saam met Pa huis toe gekom het nie. Sy het baie verlang en was bly toe Meester vir haar genoeg geld stuur om terug te reis na Holland.

Dit was 'n hartroerende afskeid en tante Koos kon haar net nie vereenselwig met die idee dat sy ons dalk nooit weer sou sien nie. Na wedersydse hartseertrane en groetery het broer Danie vir haar en Geert met kar en muile na Pretoria geneem na haar man se broer, oom Wietse Lampen (wat met Ma se suster se dogter, Johanna Heystek, getroud was). Daarvandaan na Kaapstad en Holland.

Elke keer as daar 'n brief van tante Koos gekom het, het Ma die oë afgevee want ons het haar baie gemis.

+

Ouers in die omgewing het saamgestaan en Oupa se huis laat opknop en inrig om as skool te dien – met Ouboet as onderwyser! Ons was verheug om te kon skoolgaan, al was dit op 'n eenvoudige manier – dit was darem 'n begin.

Thomas van Dyk het Ouboet gehelp en dit het sommer gou voor die wind gegaan. Ons het Nederlands geleer – maar toe kom die opdrag dat ons moes Engels leer ... en daarmee was ons natuurlik nie ingenome nie. Ons skool moes ook verenig met dié van Miss Jerome. Sy was 'n rou Engelse onderwyseres uit Engeland waar hulle gepraat het van die Government School.

Die ouers was vies en meeste het sommer hulle kinders daar uitgehaal en weer 'n private skool gestig. (Later het ek ook soontoe gegaan waar meester Venter vir ons skool gehou het.)

Ouboet het egter baie goed oor die weg gekom met die Engelse juffrou. Sy het naderhand die kinders begin verstaan en ons het nogal vir haar lief geword. Sy het vir ons baie Engelse liedjies geleer waarvan ek onthou:

“See the little babies go,  
marching nicely to and fro.  
Hands behind and heads quite still,  
isn't it a pretty drill.  
Now your hands above your heads,  
see the pretty arch we make.  
Fold your hands in front quite tight,  
Now behind, and march left-right.”

Hierdie liedjie was vir tant Alie so mooi, dat ek dit byna elke dag vir haar moes sing met paslike handgebare. Sy kon net eenvoudig nie die wysie in haar kop kry nie, en toe ons hoor het sy sommer Psalm 134 se wysie geleen.

Ouboet het so 'n pragtige stem gehad en ek kan nog onthou hoe mooi dit vir my geklink het as hy Old Folks at Home sing terwyl Miss Jerome op die klavier begelei.

Ons koor het naderhand aan 'n konsert deelgeneem. My neef, Piet Grobler (later Minister) en sy vrou en

dogtertjie, Babs, was net pas terug uit die buiteland. Babs het ingewillig om vir ons 'n Franse liedjie te sing. By die konsert het ek vir die eerste keer 'n grammofoon met die groot ou beuel gesien. Party oumense het die klanke wat hy voortgebring het met suspisie bejeën en gesê dit lyk soos een of ander toor-affêre.

+

Die tyd het verbygegaan. Miss Jerome is later getroud met Mr. McKay – 'n ou siel wat hier kom veg het en nooit weer na Engeland toe teruggegaan het nie. In hierdie sonnige land het hulle tussen die Boere gewoon en oud geword totdat hulle albei na jare dood is.

## Stryd

Die jare het verby gegaan en Steenbokfontein met sy tere herinneringe het tot die verlede behoort.

Ek was bevoorreg om tot hier in die teleurstellings en vreugde van my Volk te kon deel. Daar is soveel hoogtepunte in ons geskiedenis wat boekdele kan beslaan en ons is dankbaar dat verskeie van ons volkskrywers kosbare bydraes gelewer het.

Vanaf die Rebelle in 1914 het die stryd steeds voortgeduur.

Ek het met die Ossewatrek in 1938 aan die voet van Monumentkoppie in 'n tentdorp gewoon totdat die feestelikheid, wat 'n paar dae geduur het, verby was.

Ook was ek een van die seweduisend vroue met voortrekkerdrag wat aan die Protesoptog op 22 Junie 1940 deelgeneem het. Die Optog het met Queenstraat en toe Vermeulenstraat beweeg na die Uniegebou (Kerkstraat mog nie gebruik word nie), waar ons 'n versoekskrif aan genl. Smuts oorhandig het:

### AANDENKINGSPAMFLET van die VROUE-OPTOG IN PRETORIA

Die Versoekskrif wat namens u aan die Hoogedele Regering gerig word lui as volg:

“Namens die Afrikaanse Moeders, Vrouens en Dogters en die tienduisende wat in die gees aanwesig is en ons versoekskrif steun, wens ons u Hoogedele Regering in alle beskeidenheid en met die diepste erns waaroor ons beskik te versoek om:

(1) Nie langer toe te laat dat met dreigemente van ontslag, verplasing of watter vorm van benadeling ookal druk uitgeoefen word op burgers van ons staat ten einde hulself beskikbaar te stel vir militêre diens buite die Unie, hetsy deur private werkgewers of deur die staat nie.

(2) Om onmiddellik 'n eerbare en regverdige vrede met die lande met wie ons in oorlog verkeer, te sluit.”

Aan iedere vrou en dogter wat deelneem aan hierdie optog stuur ons die volgende boodskap:

Laat ons stil en waardig ons versoek vir vrede en vryheid van dwangmaatreëls in ons land aan die Hoogedele Regering rig. Ons volg die weg wat ons voorgeskryf word onder protes, maar kalm en waardig want die Afrikanervrou sal sodoende van 'n agterstraat 'n voorstraat maak en waar ons ook die amfiteater by die Uniegebou geweier is, sal ons op die grasperk aan die voet van die Uniegebou ons bede tot God rig.

Laat ons geweld nie met geweld antwoord nie, maar ons harte is vol en ons sal onthou.

Ons versoek u om nie aanleiding te gee tot enige steurnis nie en om in doodse stilte te gaan. Stiptelike uitvoering aan alle versoeke deur die luidspreker tot u gerig sal die Afrikanervrou waardig wees.

Ek sien haar wag, geduldig, sonder woord,  
Ek sien haar wen, vir man en seun en broeder,  
Want haar naam is Vrou en Moeder!  
– Jan Celliers (in “By die Vrouebetoging”)

Mev. H.C. Steyn, nms. die Reëlingskomitee.

Daar was die donker wolke van die Tweede Wêreldoorlog.

Vir die oorwinning van die Nasionale Party in 1948 was daar groot dankbaarheid en hoop vir die toekoms.

## Oorwinning

Maar die grootste belewenis was Republiekdag op 31 Mei 1961.

Ek het die vorige aand reeds op 'n bankie voor die Hoofposkantoor op Kerkplein tussen die menigtes gaan sit en die volgende oggend aanskou hoe die nuwe, onvergeetlike dag breek. Sagte reën het Republiekdag gedoop, en ons eerste Staatspresident, C.R. Swart, het die skare toegesprek.

Wat 'n groot voorreg was dit om dié dag te belewe waardeur ek teruggevoer is tot waar ek my vertelling in hierdie boekie begin – 'n Vrye Land ... 'n Vrye Volk!

God was vir ons goed in die land wat Hy aan ons gegee het. Mag ons getrou bly en die Geloof behou!

## **My vader JAN ABRAHAM DANIËL BENJAMIN DU PLESSIS se voorouers**

STEPHANUS JOHANNES KRUGER getroud met SOPHIA MARGARETHA STEENKAMP

ouers van

CASPER JAN HENDRIK KRUGER getroud met ELSIE FRANCINA STEYN

ouers van

STEPHANUS JOHANNES PAULUS KRUGER (President) en

SOPHIA MARGARETHA KRUGER

moeder van my vader en getroud met

PIETER GERT WESSEL DU PLESSIS,

ons oupa, wat in die Potchefstroomse kamp oorlede is, soos hierin beskryf.

## **My moeder HELENA CATHARINA DU PLESSIS se voorouers**

HELENA CATHARINA MALAN getroud met

DANIËL ELARDUS ERASMUS

ouers van my moeder.

Ouma (bogenoemde) se vader Jacobus Malan en twee van sy seuns was saam met Piet Uys en sy seun Dirkie deur die Zoeloes vermoor; hulle name was Dawid en Johannes Malan – beskryf in *Gelofteland* deur F.A. Venter.

---

## **Naskrif op 23 Januarie 2013 deur Helena Liebenberg**

Hierdie boekie wat geskryf is deur my ouma aan moederskant, wyle Helena Catharina Grobler, oor haar herinneringe aan die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) is vir my 'n kosbare besitting. Sy het aan elke kind en kleinkind 'n eksemplaar present gegee; myne het ek op 1 Januarie 1970 “van Oumie” as 'n geskenk gekry.

Omdat hierdie verhaal waarskynlik 'n groter lesersmark sal trek as net ons familie, het ons besluit om die inhoud digitaal beskikbaar te maak. My man Schalk het die skandeerwerk en ek die teksontfouting gedoen en die produk word hiermee aan u gebied as geskiedkundige leesgenot.

Indien u inligting uit die boekie wil aanhaal vir welke rede ook al, staan dit u vry. Die ongeskrewe voorwaarde sou wees dat erkenning aan die skryfster gegee word; in elk geval is erkenning van bronne die enigste geldige wetenskaplike manier van verwysing.

Lees gerus op Taaloord onder Geskiedenis die voordrag getitel: “*Ons was daar*” – ‘n Boerefamilie se oorlogs- en kampervarings deur die oë van 'n kind waarin My Herinneringe verwerk en aangevul is uit ander bronne en van bykomende foto's voorsien is.

Ter nagedagtenis aan 'n pragtige en liefdevolle mens vir wie God, haar gesin, volk en vaderland alles was, sê ek graag hiermee: “Baie dankie, liefste Oumie”.